


## Eredienste 2016



Hoe moet die eredienste in 2016 lyk? Die huidige formaat het positiewe en negatiewe gevolge. Die Kerkraad het besluit dat die eredienste in 2016 verkieslik aan 'n paar beginsels moet voldoen:

- Jonk en oud moet saam kan eredienste hou.
- Kinders en volwassenes moet op hulle vlak bereik word.
- Verkieslik moet almal gelyk saam kan kuier na die erediens.
- Eredienste moet 9:00 begin.
- Een groot vol diens is beter as twee leër dienste.
- Gesinne moet die eredienste saam kan bywoon.
- Kinders moet van vroeg af blootgestel word aan die kerkgebou se atmosfeer, liedere en die orrel.
- Kategese moet verkieslik inskakel en aansluit by die eredienste.

Ons het verskeie modelle oorweeg in die lig van bogenoemde beginsels. Die Kerkraad wil die opsie wat die beste voldoen aan bogenoemde kriteria aan die gemeente voorhou en tydens 25 Oktober se 8:30 erediens toets. Daarna sal die Kerkraad in die lig van die terugvoer van die gemeente besluit hoe ons die eredienste in 2016 gaan inrig.

Die voorstel lyk so:

- 9:00 Erediens begin almal saam in die kerk. Kinders word in ag geneem.**
- 9:20 Kinders verlaat gelyktydig die kerk na die lofsang of na kindermoment terwyl die gemeente vir hulle 'n seënlied sing.**
- 9:20 Erediens gaan in die kerk voort met fokus op volwassenes.**
- 9:20 Kinders ontvang 'n boodskap in die saal wat aansluit by die lestema.**
- 9:40 Kinders begin met kleingroep kategese en sluit ongeveer 10:00 af.**
- 10:00 Die gemeente kuier almal saam na die erediens.**

Soms is daar nie kategese nie, sodat die kinders die hele erediens in die kerk kan bywoon saam met hulle gesinne.

Op 25 Oktober tydens die Dankfees-erediens wil ons die konsep toets. Ons het dan wel kategese. Na die erediens kry die gemeente geleentheid om hulle opinie te gee oor die voorstel. U is ook welkom om kommentaar te lewer by die kantoor, of deur 'n e-pos aan [kerkkantoor@nglynnwood.co.za](mailto:kerkkantoor@nglynnwood.co.za) of op die webblad [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za). Oorweeg dit asb biddend.